

28. Op weg na die kruis

Mattheus 26: 31 - 75 en Johannes 18: 12 - 27

Jesus word oorgelewer

Al is Jesus Christus volkome regverdig, word Hy gevange geneem en onregverdig veroordeel. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus bly steeds getrou aan sy hemelse Vader.
- Jesus word deur sy eie mense, die Jode, verwerp.
- Soos Petrus verloën ons ook dikwels die Here deur ons optrede.

Simon Petrus gewaarsku

Dit is nag. Jesus en sy elf dissipels is op pad na Getsemane. In die dissipels se gedagtes hoor hulle nog Jesus se laaste woorde. Hy het gesê Hy gaan hulle verlaat. Petrus wil by Jesus weet waar Hy heen gaan. Hy dink waarskynlik aan 'n nuwe plek waar Jesus vir die Pasga wil gaan. Jesus sê dat hulle Hom nie nou kan volg nie, maar later wel, maar hulle verstaan nie dat Hy van sy dood praat nie. Dan sê Hy in duidelike taal dat hulle Hom almal daardie selfde nag nog in die steek sal laat. Hy sal vir hulle 'n verleentheid word en hulle sal van Hom wegvlug. Die profesie van Sagaria dat die herder geslaan en die skape verstrooi sal word,²³⁷ sal letterlik in vervulling gaan.

Die woorde ontstel die dissipels hewig en maak hulle baie hartseer. Om hulle te troos, voeg Jesus by dat Hy hulle ná die opstanding sal bymekaar maak en voor hulle uit sal gaan na Galilea. Hulle sal Hom wel weer sien wanneer alles verby is. En steeds verstaan hulle nie dat Jesus van sy opstanding uit die dood praat nie. Die dissipels is baie seker dat hulle Jesus nooit sal verlaat nie en Petrus is selfs bereid om saam met Jesus te sterf. Toe sê die Here Jesus vir hom dat hy Hom drie maal sal verloën voordat die haan gekraai het.

237 Sag. 13: 7 Ontwaak, o swaard, teen my herder, en teen die man wat my metgesel is! spreek die HERE van die leërskaar. Slaan die herder, sodat die skape verstrooi word; en Ek sal my hand weer uitstrek oor die geringes.

Ná hierdie woorde is almal verslae en in stilte gaan hulle verder. Jesus herinner hulle daaraan dat Hy hulle voorheen sonder beurs en reissak en ekstra skoene uitgestuur het. Nou het alles verander. Daar lê vir hulle 'n moeilike tyd van vervolging voor. Daarom moet hulle sorg dat hulle 'n beurs en 'n reissak het. As een van hulle nie 'n swaard het nie, moet hy sy kleed verkoop en 'n swaard koop.

Jesus word baie benoud

In Getsemane laat Jesus sy ander dissipels agter en neem net vir Petrus, Johannes en Jakobus saam die tuin in. Érens tussen die bome gaan die vier sit. Meteens word Jesus baie benoud. Hy weet van die bittere lyding wat op Hom wag en dit is asof dit nou vir Hom te veel word om te dra. Hy weet dat die toorn van God oor die sonde van die mense op Hóm sal neerkom. Jesus sug en sê dat sy siel tot die dood toe bedroef is. Hy beveel die drie om daar te bly en saam met Hom te waak. Kort daarna staan Jesus op en gaan kniel 'n entjie daarvandaan om te bid.

Hoe kon sy dissipels sy benoudheid begryp en hoe kan hulle Hom versterk? Daarom vlug Hy na sy hemelse Vader toe en bid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil." Jesus weet dat hierdie moontlikheid bestaan en Hy worstel daarmee in sy gemoed. Tog kom Hy nie teen die Vader in opstand nie. Al smeeek Hy vir 'n ander uitweg, bly Hy nogtans gehoorsaam aan die wil van die Vader; al beteken dit dat Hy die dood moet ingaan.²³⁸

Die woorde van Jesaja dat Hy saam met misdadigers gereken is, sal nou vervul word.²³⁹

Jesus se dissipels raak aan die slaap

Daarna kom Hy na sy dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy vra vir Petrus of hulle nie eers een uur saam met Hom kan wakker bly om te waak nie. Hy vermaan hulle om te waak en te bid dat hulle nie in versoeking kom nie, want die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Daarna gaan Hy 'n tweede keer bid: "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan

238 Fil. 2: 8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

239 Jes. 53: 12 Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.

sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.” Weer gaan Hy terug na die dissipels en weer vind Hy hulle aan die slaap.

Dit is reeds lank na middernag en hulle is baie vaak. Hy laat hulle met rus en gaan terug om weer tot sy Vader te bid. Hy onderwerp Hom aan die wil van die Vader, maar die uitvoering van die wil is iets so ontsettends dat Hy by die gedagte daaraan letterlik bloed sweet. Hy herhaal sy gebed en God versterk sy Seun in die gees en staan Hom by. God stuur ’n engel uit die hemel om sy Seun te ondersteun. Vrede en kalmte kom oor Jesus sodat Hy nou volkome bereid is om die wil van die Vader uit te voer.

Ná die hewige gebedstryd gaan Jesus terug na die dissipels en sê dat hulle nou maar kan slaap. Hy het hulle bystand nie meer nodig nie omdat die Vader Hom gesterk het. Na ’n paar oomblikke is daar ’n rumoer by die ingang van die tuin. Tussen die bome deur is die lig van fakkels te sien wat op die spiese en skilde van soldate weerkaats. Dan maak Jesus hulle wakker, want Judas is hier om Hom te kom verraai.

Judas verraai vir Jesus

Van die Paassaal af is Judas reguit na die paleis van die hoëpriester. Hy vertel dat Jesus reeds weet dat hy Hom gaan verraai. Die Here het hom openlik aangewys en weggestuur. Dit maak dit onmoontlik om nog langer by Jesus te bly en ’n geleentheid te soek om Hom stilletjies gevange te neem. Dit is gevaarlik om Jesus in die openbaar gevange te neem, want die volk kan dalk in opstand kom. Ook in Getsemane is dit gevaarlik, want die kamp van die Galileërs wat na die fees gekom het, is daar naby. Net een uitroep van Jesus en hulle sal aanstorm en Hom kom help.

Eindelik besluit hulle om Hom openlik gevange te neem en volgens die wet aan te kla. ’n Ander manier is nou nie meer moontlik nie. Die owerpriesters stuur dus die tempelwag, bestaande uit Jode, maar hulle kry ook ’n afdeling van die Romeinse garnisoen onder aanvoering van ’n owerste oor duisend, om saam met hulle na die tuin te gaan. Dit was dus ’n groot menigte mense met swaarde en stokke wat in Getsemane aankom.

Judas loop aan die voerpunt van die tempelwag. Hy het met hulle ’n teken afgespreek waardeur hy Jesus sal aandui. Hy sal Hom ’n soen gee soos vriende mekaar groet. Toe die gewapende menigte tot stilstand kom, loop Judas haastig vorentoe en soen Jesus terwyl hy Hom groet met die woorde: “Gegroet Rabbi!” So wil Judas voorgee dat hy ’n vriend van Jesus is en sy

gemene daad bedek. Jesus stoot hom egter weg en vra vir hom of hy die Seun van die mens met 'n soen verraai.

Jesus word gevange geneem

Dan kom die soldate nader, maar bly verleë staan. Hulle verwag 'n oproermaker en hier staan 'n waardige rabbi voor hulle. Kalm gaan Hy na hulle toe en vra wie hulle soek. Toe hulle antwoord dat hulle Jesus die Nasarener soek, sê Hy rustig dat dit Hy is. Sy woorde maak dat die soldate van skrik terugtree en op die grond val. Dan vra Hy weer wie hulle soek. Weer antwoord hulle: "Jesus, die Nasarener". Daarop bevestig Jesus dat dit Hy is, maar Hy vra ook dat hulle die dissipels moet toelaat om weg te gaan. Op dié manier gaan 'n woord van die Here nou reeds letterlik in vervulling dat daar nie een van hulle wat aan Hom gegee is, uit sy hand geruk sal word nie.²⁴⁰

Toe die tempelwagte nader kom om Jesus te gryp, trek Petrus sy swaard en kap die oor van Malchus, 'n dienaar van die hoëpriester, af. Hierdie voorval bewys dat die hoëpriester regstreeks betrokke is by Jesus se gevangeming. Die optrede van Petrus kan maklik tot 'n geveg lei. Die soldate spring vorentoe om hom aan te val, maar Jesus is in volle beheer. Hy buk en raak Malchus se oor aan en dadelik is dit gesond. Dan beveel Hy vir Petrus om sy swaard in sy skede te steek. Jesus sê vir hom as Hy tot die Vader bid, sal Hy twaalf legioene engele stuur. Maar hierdie dinge moet gebeur, soos die profete voorspel het. Petrus staan bedees terug en die soldate bind Jesus vas.

Die owerpriesters en ouderlinge staan baie tevrede en kyk, maar die Here wil by hulle weet waarom hulle met swaarde en stokke soos teen 'n rower daar opdaag. Elke dag was Hy saam met hulle in die tempel besig om te leer, en hulle het Hom nie gegryp nie. Dit gebeur alles sodat die voorspellings van die profete vervul kan word. Een vir een vlug sy dissipels weg. Alleen staan die Here in sy bitterste lyding.

Jesus in die huis van Annas

Die owerpriesters en skrifgeleerdes is nou verleë. Hulle het gehoop dat Jesus en sy dissipels hulle teen die Romeinse soldate sal verset, sodat die Romeine Hom kan aankla as 'n opstandeling, maar Hy gee Hom vrywillig

240 Joh. 6: 39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.

oor. Die Romeine laat Hom in die hande van die Jode en hulle moet nou gou 'n aanklag teen Hom kry om Hom by Pilatus te kan beskuldig. So het God dit beskik dat die Joodse Raad 'n oordeel oor Jesus moet uitspreek. Eers bring hulle Hom na die magtige Annas, die skoonvader van Kajafas, die hoëpriester. Annas het die ampstiel van hoëpriester behou en het baie invloed in die Joodse Raad, soos ons ook later sien by die verhoor van Petrus en Johannes.²⁴¹

Hulle dink dat Annas Hom sal kan vastrek en sorg dat daar 'n aanklag teen Hom opgestel word. Hy ondervra Jesus eers oor sy dissipels, maar die Here antwoord nie daarop nie. Hy sal hulle nie verraaï nie, maar Hy wys daarop dat Hy openlik in die sinagoge en in die tempel geleer het. Daar is baie wat Hom gehoor het, ook lede van die Sanhedrin. Hulle is die mense wat inligting behoort te gee oor sy leer.

Hierop klap een van die dienaars van Annas Jesus in die gesig en vra vir Hom of dit is hoe Hy die hoëpriester antwoord. Jesus sê vir hom as Hy iets verkeerd gesê het, dan moet hy vir Hom sê wat dit is; anders wil Hy weet waarom die dienaar Hom slaan as Hy reg is. Hierdie eis van Jesus bring ook vir Annas in verleentheid omdat hulle hele optrede teen Hom onregverdig is. Annas sluit die voorondersoek net daar af en stuur Jesus geboei na die hoëpriester, Kajafas.

Verhoor deur die Sanhedrin

Laat in die nag kom die lede van die Sanhedrin in die paleis van Kajafas byeen. Die hoëpriester laat hulle roep en hulle is gretig om hul nagrus prys te gee om Jesus te verhoor. Die plek waar die Sanhedrin gereeld vergader, is in een van die vertrekke in die tempelgebou. Dit is ook 'n reël dat die Raad in die dag moet vergader en nie in die nag nie. Al twee hierdie bepalings word geïgnoreer, want die saak is dringend.

Toe Jesus ingelei word, is die meeste lede van die Sanhedrin teenwoordig. Hulle moet net die regte beskuldiging vind. Getuies word ingeroep om 'n klag teen Jesus te lê. Volgens wet moet die getuies een vir een aangehoor word, en vóór iemand skuldig bevind word, moet twee getuies saamstem in hulle verklaring.²⁴² Verskeie valse getuies, wat ter wille van geld enigiets sal sê,

241 Hand. 4: 6 ook Annas, die hoëpriester, en Kájafas en Johannes en Alexander en almal wat van die hoëpriesterlike familie was;

242 Deut. 17: 6 Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie.

bring klagtes teen Jesus in. Maar juis omdat hulle dit vir geld doen, is hulle getuienis nie eenders nie. Eindelik kom daar twee wat min of meer dieselfde beskuldiging teen die Here inbring. Die een verklaar dat Jesus gesê het: “Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.” Die ander een getuig dat Jesus gesê het dat Hy hierdie handgemaakte tempel sal afbreek en in drie dae ’n ander een bou wat nie met hande gemaak is nie.

Al twee uitsprake het te doen met die afbreek en opbou van die tempel wat ’n skending van die heiligdom sou wees, maar hul getuienis stem verder nie ooreen nie. Buitendien is albei ’n verdraaiing van Jesus se werklike woorde wat Hy met betrekking tot sy liggaam uitgespreek het.²⁴³ Kajafas staan op en vra vir Hom of Hy nie op die getuienis van die twee manne antwoord nie. Jesus bly stil soos die profeet Jesaja geprofeteer het.²⁴⁴ Die verhoor is ’n bespotting van ’n eerlike regspraak, want die regters soek net ’n klag teen Hom.

Jesus is die Christus

Dan beveel die hoëpriester Hom om vir hulle te sê of Hy die Christus, die Seun van God is. Dit is die kernvraag waarom alles gaan. Baie Jode weier om Jesus te aanvaar as die Christus. Hy het drie jaar lank rondgegaan; al die profesieë oor die Messias is vervul en Hy het Homself as die Messias bekend gestel. Tog glo die owerstes van die Jode nie in Hom nie. Jesus antwoord die hoëpriester dat Hy wel die Christus, die Seun van God is. En van nou af sal hulle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van God en Hom sien kom op die wolke van die hemel. Die profesieë van Daniël²⁴⁵ en David²⁴⁶ aangaande koningskap sal in vervulling gaan en dan sal hulle, sy regters, te staan kom voor die regterstoel van Christus. Dit is die kern van Jesus se boodskap. Gaan die Jode Hom as Messias aanvaar of verwerp?

Kajafas skeur dadelik sy klere en roep uit dat hulle sy godslastering gehoor het; hulle het nie nog getuies nodig nie. Die raadslede se reaksie is dat Hy die dood skuldig is. Toe begin hulle om Hom te slaan en te spot. Hulle

243 Joh. 2: 19 Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.

244 Jes. 53: 7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagplek gelei word en soos ’n skaap wat stom is voor sy skeerders - ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

245 Dan. 7: 13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ’n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.

246 Ps. 110: 1 Van Dawid. ’n Psalm. Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak ’n voetbank vir u voete.

spuug in sy gesig en blinddoek Hom, terwyl hulle Hom met stokke slaan en Hom uitdaag om te sê wie dit is wat Hom geslaan het. Jesus staan net daar tussen hulle, gebind, geminag, geslaan. Die hel breek nou los teen Hom, dit is hoe Hy in ons plek ly.

Petrus verloën Jesus

Nadat die dissipels uit Getsemane weggevlug het, loop Petrus en 'n ander dissipel, waarskynlik Johannes, mekaar weer raak. Op 'n veilige afstand volg hulle die soldate wat Jesus na die woning van Annas neem en daarna na die paleis van Kajafas. Hulle bly eers voor die poort staan. Johannes is 'n bekende in die paleis en hy gaan in na die binnehof. Toe hy sien dat Petrus nie saamkom nie, gaan hy terug en vra die deurwagter om Petrus te laat inkom.

Petrus kom in maar hy staan onrustig rond. Eindelik gaan hy na 'n vuur waar 'n groepie diensknegte hulle warm maak. Die deurwagter sien hom weer raak en sy herken hom as 'n dissipel van die Here. Ontsteld kyk hy op en antwoord kortaf dat hy Jesus nie ken nie. Daar kom 'n ander diensmeisie wat hom ook herken as een wat by Jesus, die Nasarener, was. Maar Petrus sweer nou en sê dat hy die Man nie ken nie.

Intussen kom die verhoor van Jesus in die paleis byna tot 'n einde. Die dienaars het Jesus begin slaan en spot. Hulle lei Hom uit sodat almal Hom kan sien terwyl hulle Hom bespot. Terwyl hulle daarmee besig is en Petrus van ver af alles sien, kom daar weer 'n dienskneg, 'n familielid van Malchus wie se oor Petrus afgekap het. Hy sê vir Petrus dat hy hom in die tuin van Getsemane by Jesus gesien het. Ander stem met hom saam dat hy ook by Jesus was en buitendien kan hulle aan sy spraak hoor dat hy 'n Galileër is. Hulle staan in 'n kring om hom, reg om hom te bespot.

Petrus kry berou oor sy optrede

Bang vir sy lewe roep Petrus uit: "Man, ek weet nie wat jy sê nie!" Hy verwens homself en roep God selfs as getuie dat hy Jesus nie ken nie. Terwyl hy nog praat, kraai die haan. Jesus, wat geslaan en bespot word, draai om na Petrus se kant en kyk hom aan. Dadelik onthou hy Jesus se woorde dat hy Hom sou verloën voordat die haan kraai. Petrus besef dat dit werklik gebeur het. Die oë van Jesus op hom het soos 'n vlam in sy gewete ingebrand.

Met opregte berou en hartseer in sy hart gaan hy haastig na buite. Daar begin hy bitterlik huil. Hy was so seker van sy trou aan Jesus; hy was bereid om saam met Hom te sterf. En nou is hy te bang om sy trou aan Jesus te erken toe 'n swak diensmeisie hom daarna vra. Dit het sy hart gebreek, maar daar is nou nie geleentheid om Jesus persoonlik om vergifnis te vra nie.

Tweede vergadering van die Sanhedrin

Toe dit begin dag word in Jerusalem, vergader die Sanhedrin vir 'n tweede keer. Waarom hulle dit doen, is nie seker nie. Daar is blykbaar 'n reël dat 'n doodsvonnis op 'n tweede vergadering bevestig moet word voordat dit uitgevoer kan word. 'n Ander reël is dat die doodsvonnis slegs in volle daglig uitgespreek mag word. Dit blyk dat daar meer raadslede teenwoordig is vir 'n amptelike sitting, net om 'n besluit wat reeds geneem is, te bekragtig. Daar is geen bespreking van die saak nie, slegs die bekragtiging van die doodsvonnis oor Jesus.

Verder besluit hulle oor die uitlewering aan Pilatus en watter klag hulle aan Pilatus sal voorlê. Hulle weet dat hy hom nie aan 'n godsdienstige klag sal steur nie. Daarom moet hulle iets anders vind om Jesus van aan te kla. Eers wanneer hulle voor Pilatus verskyn, word dit duidelik wat hulle beplan het.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 205 - 209 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 367 - 377 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oortel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 655 - 667 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 364 - 366, 294 - 297 en 183 - 197 p.